Opgedra aan my vrou.

# 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool

deur

Johannes Petrus van der Walt, M.A.

Proefskrif goedgekeur ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

D O C T O R   P H I L O S O P H I A E

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotors: Prof. dr. H.J.J. Bingle
en
Prof. dr. D.C.S. du Preez.

Potchefstroom,
November 1959.

„Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het ...., sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders ......"

- Ps. 78: 3, 4 en 6.

# INHOUDSOPGAWE.

Bladsy

Voorwoord ................................... 7

Inleiding ................................... 8 - 11

## Hoofstuk 1.

Die opkoms van die moderne Opvoedkundige Sosiologie.

1. Inleiding : Opvoedkundige Sosiologie ontstaan histories uit die algemene Sosiologie ................................... 12 - 31
2. Kort historiese oorsig van die ontstaan van die Opvoedkundige Sosiologie ..........
3. Prinsipiële beskouing oor die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en Engeland ........ 31 - 37
4. Samevatting van die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en Engeland, en eie opvatting .. 38 - 39
5. Formulering van die probleem van ondersoek.. 39 - 41

## HOOFSTUK 2.

Die algemene sosiologiese beskouing oor die opvoeding en onderwys in die menslike samelewing.

Inleiding ................................... 42

Eerstens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en roeping ..................... 42 - 45

Tweedens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale proses van samewerking in die algemeen ..................... 45 - 47

Derdens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale proses van wisselwerking ................................... 47 - 50

Vierdens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die sosiale prosesse van beheer en verandering ................................ 50 - 59

Vyfdens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en die kultuurpatroon ........... 59 - 62

Sesdens die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en kultuuroordrag ................ 62 - 65

Sewende : Die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en vervlegting in kultuursosiologiese sin en betekenis ................ 65 - 71

HOOFSTUK 3.

Die aard van die opvoeding en onderwys in samehang met die verskillende lewens- en wêreldbeskouinge.

1. Prinsipiële uitgangspunt .................. 72 - 74
2. Indeling van die verskeidenheid van lewens- en wêreldbeskouinge waarop die opvoedingsbeskouinge rus en tot openbaring kom in bepaalde onderwysstelsels .................. 74 - 75
3. Die Christelike lewens- en opvoedingsbeskouing ................................ 75 - 77
4. Die Humanistiese lewens- en opvoedingsbeskouing ................................ 77 - 91
5. Die Scientisties-georiënteerde lewens- en opvoedingsbeskouing ..................... 92 - 111
6. Die Eksistensialisme wat skakel met die Scientisties-georiënteerde lewens- en opvoedingsrigtings ............................ 112 - 130

HOOFSTUK 4.

Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing waarteen enkele opvoedkundige vraagstukke

gesien word.

1. Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing .................................. 131 - 134
2. Die Calvinistiese basis van die opvoedingsbeskouing .................................. 134 - 141
3. Opvoeding van die mens geskied deur Jesus Christus deur van die verskillende samelewingsvorme as werktuie gebruik te maak ..... 141 - 146
4. Die skool is 'n sekondêre samelewingsvorm .. 146 - 155
5. Die skoolonderwys is nie primêr-prakties nie en dra 'n interpretatiewe karakter, sowel in analitiese as in estetiese sin ......... 155 - 165
6. Die onderwys as deel van die opvoeding veronderstel die vryheid van die skool en is deur sy Hoof, Jesus Christus, gewaarborg ... 166 - 171
7. Die tipe rykdom van die skool gaan uit van vier beginsels : mondigheid, onmondigheid, genetiese en historiese ontwikkeling ....... 171 - 174
8. Samevatting en eie opvatting ............... 174 - 176

HOOFSTUK 5.

Enkele grondvrae van die laerskool.

1. Inleiding .................................. 177
2. Die funderingsfunksie van die laerskool .... 177 - 181
3. Die bestemming van die laerskool ........... 181 - 185
4. Die onafskeidelike korrelasie tussen die funderingsfunksie en die bestemming van die laerskool .............................. 185 - 188
5. Die opvoedingsdoel volgens Calvinistiese opvatting ................................ 188 - 191
6. Die mensbeskouing indiwidueel en sosiaal ... 191 - 194
7. Samestelling van die laerskoolkurrikulums .. 194 - 217
8. Metode en tug .............................. 217 - 249
9. Organisasie van die opvoeding en onderwys... 250 - 276

## HOOFSTUK 6.

Die Sosiale Studies in die laerskool.

1. Die sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing tree sterk na vore deur die oorbeklemtoning van die sosiologiese aspek in die onderwys en opvoeding met die Sosiale Studies .................................... 277

a. Analise van die Sosiale Studies ......... 277

(1) Inleiding en analise van die Sosiale Studies ............................ 277 - 316

b. Prinsipiële beskouing oor die analise van die Sosiale Studies ................. 316 - 334

(2) Die verabsolutering van die sosiokulturele werklikheid in die progressivisties-eksperimentalisties-positivistiese poging van beplanning vir onderwysvernuwing: die opvoeding wat uit die konkrete lewensituasies moet groei: die "immer wyer uitkringende lewenservaring". .......................... 334 - 353

(3) ".... since modern culture rests on abstract knowledge, to confine all instruction to the applied and the concrete would soon produce stagnation".. 354 - 378

2. Die tipiese kenmerke van hierdie lewens- en opvoedingsbeskouing lê ten grondslag aan die lewensproblematiek, o.a. hoedanig hierdie rigting staan t.o.v. enkele fundamentele vraagstukke ............................. 378 - 416

3. Samevatting ............................. 416 - 417

## HOOFSTUK 7.

Die Sosiale Studies en sy sogenaamde onderafdelings.

1. Inleiding ................................ 418

(1) Analise van Geskiedenis ................ 418

a. Geskiedenis en die Calvinisme ....... 418 - 420

b. Geskiedenisonderwys op die laerskool 420 - 427

(2) Analise van Aardrykskunde ............. 427

a. Wat is Aardrykskunde ? ............. 427 - 430

b. Aardrykskundeonderwys op die laerskool ........................... 430 - 440

(3) Analise van Natuurkennis .............. 440

a. Die aard en plek van die vak ........ 440 - 441

b. Die onderwys van Natuurkennis op die laerskool ......................... 441 - 450

2. Die opvoedkundig-sosiologiese doelstelling en funksie by die Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurkennis ......................... 450 - 464

3. Prinsipiële beskouing oor enkele opvoedkundige vraagstukke .......................... 464 - 532

4. Op prinsipiële gronde moet die Sosiale Studies as geheel verwerp word ..................... 533 - 536

5. Die teoretiese opvoedkundige besin hom op sy taak teen die agtergrond van ons Suid-Afrikaanse histories gewordе Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing ........... 536 - 538

HOOFSTUK 8.

Gesag as die fundamentele faktor by die opvoeding.

1. Inleiding ................................ 539 - 542

2. Faktore wat verantwoordelik is vir die veranderde houding teenoor gesag en tradisie .. 543 - 545

3. Gesag in die huisgesin ..................... 545 - 552

4. Gesag in die kerk ......................... 552 - 559

5. Gesag in die staat ........................ 559 - 563

6. Gesag in die skool ........................ 564 - 572

7. Gesag in die laerskoolonderwyskorps ........ 572 - 574

8. Slot ...................................... 575

## HOOFSTUK 9.

**Die toerusting van die onderwyserskorps vir die laerskool.**

1. Inleiding .................................... 576 - 577
2. Die sosiologiese struktuuranalise van die onderwyserskorps.......................... 577 - 588
3. 'n Tentatiewe leergang vir Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van onderwysers. 588 - 597
4. Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurkennis moet afsonderlik gedoseer word: elkeen as 'n selfstandige laerskoolvak .............. 598 - 599

## HOOFSTUK 10.

Samevattende gevolgtrekkings ..................600 - 601

Bibliografie ................................ 602 - 618

- - - - - - - - - -

# V O O R W O O R D.

Hierdie proefskrif het in die eerste plek ontstaan as gevolg van die ondersoeker se intensiewe belangstelling in die Opvoedkundige Sosiologie. Die bewerking van die proefskrif volg op vorige navorsing oor die plek van die Sosiologie in die opleiding van onderwysers.

Tweedens is hierdie bydrae die vrug van jare lange studie en navorsing op sowel die terrein van die Sosiologie as die van die Teoretiese Opvoedkunde. Gepaard met hierdie studie en navorsing het die ondersoeker ook twintig jaar praktiese onderwyservaring opgedoen.

Langs hierdie weg wil ek my besondere dank betuig aan :-

(a) Prof. dr. H. J. J. Bingle, onder wie se bekwame teoreties opvoedkundige leiding hierdie bewerking van die proefskrif ook plaasgevind het;

(b) Prof. dr. D. C. S. du Preez vir my sosiologiese vorming gedurende die afgelope nege jaar;

(c) my vrou, wat my met soveel liefde versorg, geïnspireer en bemoedig het, en my kinders wat geduldig vir die voltooiing van hierdie proefskrif gewag het;

(d) bowenal God Drie-enig, wat my begenadig het om hierdie navorsing tot sy eer te kan voltooi.

## INLEIDING.

Oor die algemeen word aanvaar dat Émile Drukheim (1858-1917) van Frankryk die grondlegger van die Opvoedkundige Sosiologie is [1]. Die studieterrein van die Opvoedkundige Sosiologie was destyds in die algemeen omskrywe as „education is essentially social in character, in its origins and in its functions, and that as a result the theory of education relates more closely to sociology than to any other science ... The man which education is obliged to make of us is not man as nature made him, but as society wishes him to be" [2].

In hierdie poging van Durkheim met die Opvoedkundige Sosiologie het die Opvoedkunde tot taak om die Sosiologie te dien. Dit gaan om die inlywing van die Opvoedkunde by die Sosiologie, wat 'n versosiologisering van die Opvoedkunde is. Hierdie poging tipeer ons as 'n sosiologisme, wat die sosiologiese vorm van positivisme is [3].

Let ons vervolgens op die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika, het ons ook te make met positivisme soos dit in die werke van L. F. Ward [4], John Dewey [5] en Henry Suzzalo [6] gesien word. Ook hierdie poging met die Opvoedkundige Sosiologie vanuit Amerika is 'n weerspieëling

---

1. Vgl. o.a. Ottaway, A. K. C.: „The Educational Sociology of Émile Durkheim" in The British Journal of Sociology, London; Vol. VI, No. 3; Sept., 1955; p. 213.
2. Idem: Education et Sociologie, vertaalde uitgawe van Durkheim se werk, pp.106, 117.
3. Van Dyk, R.: „De grenzen der Sociologie" in verzamelwerk: De grenzen der wetenschap in opdracht van de Vrije Universiteit; J.H. Kok N.V. Kampen, 1956; p. 57.
4. Ward, L. F.: „Education as the proximate means of progress" in Dynamic Sociology, 1883"
5. Dewey, J.: The school and society, 1899.
6. Suzzalo, H.: Die eerste poging om hierdie rigting in die praktyk toe te pas by die Universiteit van Columbia.

van die empiriese werklikheid van die Amerikaanse sosiale milieu om die Opvoedkunde by die sosiologie in te lyf met die doel om die menslike samelewing te dien en voortdurend te verbeter.

In Engeland ontstaan die Opvoedkundige Sosiologie tydens die Tweede Wêreldoorlog. Karl Mannheim het die voortou geneem met sy positivisme soos dit tot openbaring kom wanneer hy die onderwys en opvoeding inspan by die „planning for freedom" [7] om die samelewing in 'n bepaalde rigting te laat ontwikkel. Ook Mannheim neem tot uitgangspunt die empiriese werklikheid waarmee die opvoeding die samelewing - die „Mass Society" [8] - moet dien en voortdurend moet verbeter.

Die verdere pogings tot onderwysvernuwing in Amerika en Engeland rus op die Opvoedkundige Sosiologie as basiese wetenskap [9] om 'n kindsentriese [10] ervaringsveld met die Sosiale Studies [11] te integreer.

Met hierdie ervaringsveld van die Sosiale Studies beskou en benut hulle nie net opvoeding, onderwys, leer en lewe as identies met mekaar [12] nie, maar dit moet ook die oplossing bied vir indiwiduele en sosiale probleme [13] waarmee die skoolgaande jeug gekonfronteer word.

---

7. K.Mannheim, K.: Man and Society in an age of reconstruction. Studies in modern social structure; Kegan Paul, 1942; hoofstukke 5 en 6.

8. Ibid: Diagnosis of our time; Kegan Paul, 1943; p. 1.

9. Moore, C. B. en Cole, W. E.: Sociology in educational practice, Houghton Co., New York, 1952; p. 353.

10. Vgl.: Bingle, H. J. J.: „Sosiale Studies" in Woord en Daad, Febr. 1958, P. 1.

11. Monroe, W. S.: Encyclopedia of educational research; p. 1213 - 1238.

12. Vgl.: Childs, J. L. : Education and the philosophy of experimentalism, p. 92-93.

13. Hobbs, A. H.: Social problems and scientism; Stackpole Co., Pennsylvania, 1953; preface, p. V

In aansluiting hierby is die posisie in Suid-Afrika tans dat die Sosiale Studies in 'n verskeidenheid van graadsverskille in die laerskole van die onderskeie Provinsies aangebied word [14].

Afgesien van wat reeds genoem is, nl. dat die Sosiale Studies die middel is vir die oplossing van indiwiduele en sosiale probleme, en in die nouste verband daarmee is een van die aanleidende oorsake vir die invoering van die Sosiale Studies in Suid-Afrika die sosiale verandering. Hierdeur het die ouerlike opvoeding in gebreke en agter gebly by die voorbereiding vir die lewe en inlywing in die gemeenskap uit die ouerhuis, wat in die verlede die voorreg van die kind was [15]. Die skool neem dus een van die take op hom om die „sekulêre huisaltaar" aan te vul of dikwels die verantwoordelikheid daarvan geheel en al te aanvaar deurdat die prys vir die bestryding van die onkunde te duur geword het [16].

By die beplanning van die ervaringsveld van die Sosiale Studies is die uitgangspunt „dat die mens 'n sosiale wese is en dat hy as indiwidu opgelei moet word om as lid eers van 'n groep en uiteindelik van die mensdom 'n volwaardige en gelukkige lewe te lei. Die lewe en die menslike word dus op die voorgrond gestel en is die wesenskenmerk van die studie" [17].

---

14. Vgl. o.a.: T.O.D.: Voorgestelde leergang vir Sosiale Studies in die laerskool in sy eksprimentele stadium; die Sosiale Wetenskap van die Kaapprovinsie asook die van die O.V.S.
15. Ibid., p. 6.
16. Ibid.
17. Ibid.

Hierdie beplanning om vernuwing is 'n poging om die opvoeding uit die konkrete lewensituasies van die samelewing te laat groei [18] t.o.v. die doelstelling, die mensbeskouing, die inhoud van die leerstof, die metode en tug en die administrasie en organisasie. Hierdie beplanning van 'n geïntegreerde ervaringsveld met die Sosiale Studies vir Suid-Afrika stem in hooftrekke ooreen met die eise en die tendense van die kurrikulums vir die onderwys in Amerika en Engeland [19].

Hierdie beplande ervaringsveld van die Sosiale Studies in die poging tot onderwysvernuwing is in die trant en rigting wat die Unesco-organisasie van die V.V.O. voorstaan met „Principles and methods of education for living in a world community" [20].

Die Teoretiese Opvoedkunde stel ons egter in staat om die wetenskaplikheid al dan nie van die Sosiale Studies as die vrug van die Opvoedkundige Sosiologie te bepaal, vas te stel en om kritiek daarop te lewer.

Teen die voorgaande as agtergrond moet die doel en die noodsaaklikheid van hierdie ondersoek gesien word. Hierdie ondersoek handel in breë trekke oor die volgende aspekte van die vraagstuk :-

---

18. Davis, K. : Human society; Macmillan, New York, 1949; p. 228.

19. Hierdie bewering word later in hierdie navorsing met voorbeelde, bv. „major emphasis: human relations" ens., bewys.

20. Havighurst, R. J. en Neugarten, B. L.: Society and education; Allyn en Bacon, Boston, 1957; p. 349.